
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS



basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VERBRUIKERSTUDIES

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising en Interieur | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 'n … stel 'n besigheid van enige aanspreeklikheid vry.

A Afkoelperiode
B Onbillike sakepraktyk
C Uitsluitingsklousule
D Aanvaardingsklousule (1)

1.1.2 Die bedrag inkomstebelasting wat Suid-Afrikaners moet betaal, word deur die … bereken.

A Monetêre Beleidskomitee
B Minister van Finansies
C President van Suid-Afrika
D Suid-Afrikaanse Inkomstediens (1)

1.1.3 Sipho maak ekstra geld deur gesondheidsprodukte te verkoop en ander mense te werf om aan te sluit. Sipho is deel van 'n …

A piramideskema.
B multi-/stapelvlakbemarkingskema.
C stokvel/spaarklub.
D uitvissingskema. (1)

1.1.4 'n Voordeel van windenergie:

A Dis nie lawaaierig nie.
B Dit het geen impak op die landskap nie.
C Dis hernubaar.
D Dit het geen impak op die veldlewe nie. (1)

1.1.5 Nadat die huurooreenkoms deur Samantha en haar verhuurder onderteken is, het hy die huurbedrag verhoog sonder om haar in kennis te stel. Dit is 'n voorbeeld van 'n …

A uitsluitingsklousule.
B uitvissingswendelskema.
C vertrouensbreuk.
D onbillike sakepraktyk. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.6 EEN van die redes waarom bleikmiddel as 'n voedselbymiddel gebruik word, is om …

A voedsel te preserveer.
B bestanddele te bind.
C die smaak te verbeter.
D die kleur te verbeter. (1)

1.1.7 Identifiseer waarom organiese voedsel duurder as nie-organiese voedsel is:

A Sintetiese bemestingstowwe word gebruik.
B Meer arbeid word gebruik.
C Gewasse groei vinniger.
D Opbrengste is groter. (1)

1.1.8 Hierdie drankie kan saam met 'n maaltyd geneem word om osteoporose te voorkom:

A Swarttee
B Energiedrankie
C Gegeurde melk
D Druiwesap (1)

1.1.9 Die rede waarom hepatitis A lank neem om in die liggaam opgespoor te word:

A Mikroörganismes veroorsaak die siekte
B Oordragmoontlikhede
C Inkubasieperiode
D Tipes simptome (1)

1.1.10 Die geskikste versnapering vir 'n diabeet:

A Semelmuffin met laevet-maaskaas
B Witbrood met grondboontjiebotter
C Provita met appelkooskonfyt
D Rogbrood met tuna-mayonnaise (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Bestudeer die prentjie van 'n gholfhemp hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.11 en 1.1.12.



[Bron: bash.com]

Gholfhemp met swart en wit horisontale strepe en 'n wit kraag


1.1.11 Die gholfhemp hierbo is 'n voorbeeld van …

A 'n outydse mode.
B hoogmode.
C 'n modegier.
D 'n klassieke mode. (1)

1.1.12 Die strepe op die gholfhemp sal die bolyf … laat vertoon.

A smaller
B breër
C dunner
D langer (1)

Bestudeer die prentjie hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.13 wat volg.



[Aangepas met AI Creator]

1.1.13 Die prentjie hierbo is 'n voorbeeld van 'n …

A etiket.
B handelsnaam.
C logo.
D slagspreuk. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.1.14 Die belangrikste faktore om te oorweeg wanneer huishoudelike toestelle gekoop word, is dat dit …

A tyd en energie moet bespaar.
B goedkoop moet wees en modern moet lyk.
C hernubaar en meer doeltreffend moet wees.
D swaar en veilig om te gebruik moet wees. (1)

1.1.15 Die hoofvoordeel daarvan om 'n voltitelhuis te besit:

A Die eienaar is vir die instandhouding verantwoordelik.
B Die huiseienaarsvereniging dwing die reëls af.
C Die mense wat daar woon, het meer privaatheid.
D Instandhouding is goedkoper as vir 'n deeltitelhuis. (1)

1.1.16 … sal onderbreking van produksie in 'n besigheid voorkom.

A 'n Bemarkingsplan
B Kliëntebetrekkinge
C Gehaltebeheer
D Instandhouding van gereedskap (1)

1.1.17 Om goeie beheer van finansiële rekords in 'n besigheid te hou, sal …

A meer klante lok om by die besigheid te koop.
B verseker dat daar genoeg geld is om grondstowwe te koop.
C verseker dat daar geld vir personeelbonusse is.
D toelaat dat nuwe gereedskap gereeld gekoop kan word. (1)

1.1.18 Voorraadbeheer in 'n besigheid sal verseker dat …

A die goedkoopste voorraad gekoop word.
B die produkte dieselfde lyk.
C minder tyd en geld vermors word.
D werkers vir oortydwerk betaal word. (1)

1.1.19 Gehaltegrondstowwe …

A is altyd hernubaar en herbruikbaar.
B word slegs deur bekende handelsname voorsien.
C word slegs vir bederfbare items benodig.
D sal die finale produk affekteer. (1)

1.1.20 'n Verantwoordelike verbruiker sal produkte koop met verpakking wat … is.

A van ingevoerde grondstowwe gemaak
B van bioafbreekbare materiaal gemaak
C sterk genoeg vir die produk
D maklik om te dra en te vervoer (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Gee EEN term vir ELK van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.2.1 Die tydperk wat die wet 'n verbruiker gee om 'n ooreenkoms sonder enige finansiële implikasies te kanselleer

1.2.2 'n Wettige ooreenkoms tussen twee of meer partye

1.2.3 'n Belofte dat 'n produk vir 'n bepaalde tydperk in 'n werkende toestand sal bly

1.2.4 Wettige ingevoerde goedere wat sonder die toestemming van die vervaardiger verkoop word (4 x 1) (4)

1.3 Kies VIER voordele van geneties gemodifiseerde voedsel uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Dit het 'n langer raklewe.
B Produksiekoste is dieselfde as vir konvensionele voedsel.
C Produksiekoste is laer.
D Daar is geen kommer oor voedselallergieë nie.
E Produkte het 'n verbeterde tekstuur, geur en voorkoms.
F Etikette dui die teenwoordigheid van geneties gemodifiseerde bestanddele duidelik aan.
G Dit is sonder hormone en stimulante.
H Minder plaagdoders hoef gebruik te word, wat goed is vir die omgewing. (4)

1.4 Pas die ontvanger van betaling in KOLOM B by 'n behuisingskoste in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.5 H.

| KOLOM A<br>BEHUISINGSKOSTE | KOLOM B<br>ONTVANGER VAN BETALING |
|---|---|
| 1.4.1 Munisipale belasting | A bank |
| 1.4.2 Heffing | B verhuurder |
| 1.4.3 Verband | C munisipaliteit |
| 1.4.4 Huur | D koper |
| | E verkoper |
| | F huiseienaarsvereniging |
| | G transportbesorgers |

(4 x 1) (4)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.5 Kies DRIE riglyne uit die lys hieronder wat in ag geneem moet word wanneer geskikte bykomstighede vir die werksplek gekies word. Skryf slegs die letters (A–F) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Dit moet altyd klassiek wees.
B Dit moet by jou persoonlikheid pas.
C Kombineer kleure wat vir jou gelaatskleur geskik is.
D Koop bykomstighede wat slegs vir een seisoen sal hou.
E Koop goedkoper items.
F Dit moet van hernubare materiaal gemaak wees. (3)

1.6 Karen verkoop kinderprodukte. Pas die voorbeelde in KOLOM B by die 5 P's-bemarkingstrategie in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.6.1 tot 1.6.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.6.6 I.

| KOLOM A<br>5 P's-BEMARKINGSTRATEGIE | KOLOM B<br>VOORBEELDE |
|---|---|
| 1.6.1 Prys | A ouers en grootouers van kleuters |
| 1.6.2 Produk | B stalletjie buite die plaaslike winkelsentrum |
| 1.6.3 Promosie | C ontvang bestellings oor die foon |
| 1.6.4 Persone | D produkte is goedkoop |
| 1.6.5 Plek | E 6 maande-waarborg op produkte |
| | F koop een, kry 50%-afslag op die tweede een |
| | G elektroniese Kiddo-tablette |
| | H aflewering binne 14 dae vanaf bestelling |

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING B: LANGVRAE

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Noem die instrument wat gebruik word om die veranderinge in die koste van goedere en dienste gedurende 'n spesifieke tydperk te meet. (1)

2.2 Gee TWEE voorbeelde van ELK van die volgende belastings wat deur verbruikers betaal word:

2.2.1 Direkte belasting (2)

2.2.2 Indirekte belasting (2)

2.3 Verduidelik wat die *inflasiekoers* is. (2)

2.4 Maak 'n lys van DRIE maniere om water te bespaar wanneer skottelgoed met die hand en/of met 'n skottelgoedwasser gewas word. (3)

2.5 Noem TWEE dienste wat munisipaliteite vir ontspanning aan gemeenskappe verskaf. (2)

2.6 Noem VIER eienskappe van 'n onwettige piramideskema. (4)

2.7 Onderskei tussen 'n *werk-van-die-huis-af-slenter/swendelskema* en 'n *lotery-swendelskema*. (2 x 2) (4)

2.8 Bespreek die voordele daarvan om met gas te kook. (4)

2.9 Bespreek die voordele van die gebruik van sonkrag wanneer water verhit word. (4)

2.10 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het op 19 September 2024 die repokoers met 25 bps (basispunte) tot 8% verlaag.
>
> [Aangepas uit die *Mail & Guardian*, 19 September 2024]

Skryf 'n paragraaf om die voordele en nadele te bespreek van 'n verlaging van die repokoers vir verbruikers wat rente op lenings betaal en vir verbruikers wat rente op spaargeld ontvang. (4)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.11 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**PLASTIEKPAAIE HET 'N BLINK TOEKOMS IN SUID-AFRIKA**

'n Loodsprojek vir plastiek-geïntegreerde paaie in die Kouga-munisipaliteit in die Oos-Kaap het positiewe resultate gelewer, wat 'n blink toekoms vir hierdie tipe tegnologie vir paaie in die vooruitsig stel. Die gemeenskap versamel en verkoop gebruikte plastiekverpakking by die herwinningsentrums. Die munisipaliteit het ook herwinningsblikke oral in die gemeenskap geplaas.

'n Strook van 300 m van 'n straat gebruik amper 700 kg herwinde plastiekafval. Die munisipaliteit het gesê dat 1,5 ton plastiek gelyk is aan 1,8 miljoen enkel-gebruikte sakke wat vir 1 km van 'n pad gebruik kan word. In Maart 2019 is die eerste pad gebou, en dit was steeds in 'n baie beter toestand in 2023 as 'n teerpad wat in 2019 gebou is.

[Aangepas uit *Top Auto*, 9 September 2024]

Bespreek die positiewe impak wat die bou van plastiek-geïntegreerde paaie op munisipale dienslewering en die gemeenskap sal hê. (8)

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**

3.1 Verduidelik die term *hiperglukemie.* (2)

3.2 Verduidelik die funksie van die hormoon insulien. (2)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| John oefen uitermatig en neem hoë GI-voedsel in ter voorbereiding vir die Comrades-maraton. |

Bespreek waarom John waarskynlik aan hipoglukemie ly. (3)

3.4 Bespreek hoe voedselbestraling voedselveiligheid verbeter. (4)

3.5 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Suid-Afrika ervaar aanhoudend 'n waterkrisis. |

Verduidelik hoe watertekorte tot voedseloordraagbare siektes kan bydra. (6)

3.6 Beskryf hoe die volgende faktore tot voedselonsekerheid in Suid-Afrika bydra:

3.6.1 Verhoging in voedselpryse (3)

3.6.2 Verhoging in elektrisiteitspryse (3)

3.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

| |
|---|
| Mary is 'n 22-jarige student met 'n suiwelallergie. Sy is obsessief oor haar gewig en sy eet nie ontbyt nie. Sy drink elke dag 'n paar koppies koffie en volg 'n hoë-proteïen-dieet. [Eie teks] |

Gee Mary dieetkundige raad om te voorkom dat sy later in haar lewe osteoporose ontwikkel. (6)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.8 Bestudeer die inligting in die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**2 MINUTE-NOEDELS**




**Etiket-inligting: Per 100 g**

| | |
|---|---|
| Energie | 1 800 kilojoules |
| Proteïene | 9,7 g |
| Koolhidrate | 62 g |
| Totale Suiker | 3,5 g |
| Totale Vet | 15,0 g |
| Vesel | 2,4 g |
| Natrium | 724 mg |

**Bestanddele:**
Koringmeel, plantolie, kaliumsout, mieliestysel, stabiliseerders, bruin-suiker, knoffelpoeier, kruie, sitroensuur, riboflavien, mononatriumglutamaat

[Aangepas uit Maggi Noodles]

3.8.1 2 Minute-noedels het 'n stapelvoedsel vir baie Suid-Afrikaanse gesinne geword. Identifiseer die bestanddele, wat die volgende funksies verrig, in die lys van bestanddele:

(a) Stabiliseer die bestanddele (1)

(b) Verbeter die voedingswaarde (1)

(c) Bevorder die geur (1)

3.8.2 2 Minute-noedels is nie geskik vir 'n persoon wat diabetes het nie.

Regverdig die stelling hierbo. (8)
**[40]**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: KLEDING**

4.1 Noem die stadium in die modesiklus waar 'n mode:

4.1.1 Aanvaar word (1)

4.1.2 Gewildheid bereik (1)

4.1.3 Verdwyn (1)

4.2 Noem TWEE ekonomiese faktore wat modeveranderinge beïnvloed. (2)

4.3 Verduidelik VIER voordele om klassieke meng-en-pas-klere-items in 'n klerekas vir die werksplek te hê. (4)

4.4 Ekomode kan help om die natuurlike omgewing volhoubaar te hou.

Motiveer die stelling hierbo. (5)

4.5 Bestudeer die uitrusting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.



- Swart moulose rok wat onder die knie eindig
- Word gedra met 'n wit bloes met 'n strikdas en klokvormige moue
- Swart skoene met 'n medium hak met diamantdetail voorop

[Bron: *Pinterest*]

Evalueer die geskiktheid van die uitrusting hierbo vir die professionele werksplek. (6)

**[20]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR

5.1 Noem TWEE finansiële verantwoordelikhede van 'n huurder. (2)

5.2 Maak 'n lys van DRIE finansiële verantwoordelikhede van die eienaar van 'n voltiteleiendom. (3)

5.3 Huishoudelike toestelle kan met 'n afbetalingskooptransaksie gekoop word.

Noem die volgende:

5.3.1 TWEE voordele van die gebruik van 'n afbetalingskooptransaksie (2)

5.3.2 TWEE nadele van die gebruik van 'n afbetalingskooptransaksie (2)

5.4 Bespreek deeltiteleienaarskap met betrekking tot veiligheid en sekuriteit. (4)

5.5 Bestudeer die prentjie en inligting oor 'n wasmasjien hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| | |
|---|---|
| **BOLAAIER-ECOBOOST-WASMASJIEN**  | • EcoBOOST-tegnologie verlaag watertemperatuur<br>• Verhoog tuimel-/spinspoed<br>• Bewaar energie sonder om skoonmaakkrag op te offer<br>• 'Smart'-kenmerk laat die wasmasjien met 'n slimfoon koppel<br>• Geskik vir groot ladings<br>• Waterbewaring deur die hoeveelheid water benodig, te verminder<br>• Ladingsensortegnologie<br>[Bron: Designer Appliances] |

Verduidelik hoe die EcoBOOST-wasmasjien met die volgende help:

5.5.1 Besparing van menslike energie en tyd (3)

5.5.2 Positiewe bydrae tot die natuurlike omgewing (4)
**[20]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**

6.1 Verduidelik ELK van die volgende terme:

6.1.1 Gehaltebeheer (2)

6.1.2 Produkspesifikasie (2)

6.1.3 Finansiële uitvoerbaarheidstudie (2)

6.2 Noem en bespreek TWEE prysbepalingstrategieë wat 'n besigheid kan kies om die pryse van hulle produkte en dienste te bepaal. (2 x 2) (4)

6.3 Verduidelik waarom die higiëne van werkers in 'n werksplek belangrik is. (3)

6.4 Bespreek TWEE voordele van opgeleide personeellede vir 'n entrepreneur. (2 x 2) (4)

6.5 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Norris Phaswana het 'n kleinskaalse besigheid op die ouderdom van 15 begin wat hom gehelp het om vir sy gesin te voorsien. Hy het los werk gedoen en R1 000 gespaar om sy piesangbesigheid te begin.
>
> Hy het eers twee bokse piesangs by 'n nabygeleë plaas gekoop en alles aan sy bure verkoop. Sy gesin het pamflette met inligting oor die produk en die pryse versprei. Norris was baie passievol oor sy besigheid en het al die wins in sy besigheid herbelê. Hy het twee mense gehuur om hom te help om in meer gebiede te verkoop. Sy besigheid het gegroei en hy het begin om ook naartjies en vars spinasie te verkoop. Onderwysers in naburige skole kon die produkte bestel wat hy op sekere dae afgelewer het. Norris het sy produkte in deurskynende plastieksakke verpak.
>
> [Aangepas uit Groundup.org.za]

6.5.1 Identifiseer hoe Norris se besigheid bevorder is (promosie). (1)

6.5.2 Norris verpak sy produkte in deurskynende plastieksakke. Verduidelik waarom die verpakking vir Norris se produkte geskik is. (4)

6.5.3 Verduidelik TWEE faktore wat Norris beïnvloed het om sy kleinskaalse besigheid te begin. (2 x 2) (4)

6.5.4 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Norris koop piesangs vir R100 per boks. In elke boks is daar 80 piesangs. Hy voeg 55% as sy winsopslag by.

Bereken die verkoopprys van VYF piesangs. Toon ALLE berekeninge. (5)

6.5.5 Norris se besigheid sal waarskynlik voortgaan om winsgewend te wees.

Regverdig hierdie stelling. (9)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African